

40. Saalopening – Hardwerkendheid 1

Ysbreker Idee:

1. Laat die kinders raai oor wie julle vandag gaan gesels (gebruik die PowerPoint wat aangeheg is).
2. Vra die kinders wat van KFC hou om hulle hande op te steek.
3. Vra vir kinders wat NIE van KFC hou nie om ook hulle hande op te steek.

Inleiding:

Ons gaan vandag bietjie oor hardwerkendheid gesels, maar wat het KFC met hardwerkenheid te doen!

Om die vraag te kan antwoord gaan ek vir julle die storie van die man wat KFC begin het se verhaal te vertel.

Wie kan onthou wat sy naam is? Kolonel Sanders

Hardwerkendheid:

Kolonel Sanders het baie idees en drome gehad, wat elke keer misluk het.

Hy het op die ouderdom van 40 jaar hoender begin verkoop, maar sy droom was eintlik om sy eie restaurant oop te maak, wat hy later, sonder sukses probeer 'franchise' het.

Sy KFC resep is 1009 afgewys, voor die finale produk soos ons dit vandag ken.

Hierna het die geheime "Kentucky Fried Chicken" resep baie vinnig 'n groot sukses wêreldwyd geraak.

KFC het wêreld wyd versprei en die maatskappy is vir 2 million dollars verkoop, met Kolonel Sanders se gesig en embleem (logo) wat tot vandag nog die kenmerk van KFC is.

Toepassing:

Kolonel Sanders het nooit opgehou om te probeer, en hard te werk totdat hy dit kon regkry waaroor hy gedroom het nie.

Dieselfde is natuurlik ook waar vir ons. Moenie ophou probeer en tou opgegooi omdat dit moeilik is, of omdat jy misluk nie. Mense wat suksesvol is werk hard, en hou aan probeer totdat hulle dit regkry.

Hier aan die begin van 'n nuwe jaar wil ek julle aanmoedig om hard te werk, en in jouself te bly glo maak nie saak hoe lank dit vat, of hoeveel keer jy moet probeer voordat jy resultate kry, en suksesvol is nie.

Onthou Kolonel Sanders het 1009 keer probeer voordat hy dit reggekry het.

Doen jou huiswerk, leer vir jou toets. As jy iets nie verstaan nie gaan vra die onderwyser om dit weer vir jou te verduidelik, maar hou aan totdat jy suksesvol is.